

Sondag 11 April

Skrifgedeelte: Filippense 1:1-8

Fokusgedeelte: Filippense 1:4,
5

Ware blydschap is Christenblydschap

Wat is ware blydschap? Ek praat nie hier van gewone menslike opgewektheid nie. Wat is daardie innerlike gevoel van diepe tevredenheid wat verder strek as jou huidige omstandighede?

Paulus skryf hierdie brief terwyl hy in die tronk sit. Daar is sekerlik nie juis veel rede tot blydschap in 'n tronk nie. Tog loop die tema van blydschap soos 'n goue draad dwarsdeur hierdie brief. Hierdie blydschap waarvan Paulus praat, is 'n besondere blydschap. Dit is daardie diepere vreugde wat net 'n Christen kan smaak.

Dit gaan ook nie net oor blydschap in die algemeen nie, dit is blydschap onder stryd, te midde van vervolging, aanvegting, verdrukking, swaarkry en beproewings. Dit is normaalweg omstandighede wat mens gewoonlik maar net verduur om daardeur te kom, maar met ware blydschap kan die Christen hom- of haarself selfs hierin verbly.

Die hart van hierdie blydschap is om Jesus en ander ter wille van Jesus onselfsugtig te dien. Paulus bid met blydschap, omdat die gemeente van Filippi saamgewerk het aan die verkondiging van die evangelie. Die fondament van Christenblydschap is dat God jou só liefhet dat Hy in sy Seun ALLES gedoen het om jou te red uit die dood.

Geloof in Jesus eis nie 'n lang gesig en stroewe erns nie, maar juis lewensvreugde en heerlike blydschap en vriendelikheid wat uitstraal na almal rondom jou. Verdedig hierdie blydschap met 'n jaloerse erns teen almal wat jou daarvan wil beroof.

Sing: Psalm 33-1:1

Ds. JG van der Walt (George) (Empangeni)